

# ‘n Evolusie van die kern sakebuurt van Potchefstroom in 1880

GN van den Bergh<sup>1</sup>

## *Abstract*

Due to the British employing an extensive administrative policy concerning commerce and property tax, coupled with the attention focussed on Potchefstroom by the Transvaal War, a large and varied number of sources are available from which a detailed picture of the central commercial area of the town in 1880 can be reconstructed to indicate the evolution of this part of Potchefstroom.

As no provision was made for a business area in the original planning of Potchefstroom one developed organically after the settlement of foreign traders after the Sand River Convention of 1852. From the original trading focal point around the Old Market it spread southwards towards the New Market Square when that was established in 1855. This resulted in a commercial quarter comprising the Old and New Market Squares and the stretch of Kerk Street connecting them.

By 1880 the demand for stands for the building of shops and offices had resulted in the sub-division of the large original erven and the proliferation of purpose built structures. By then some 67 different commercial undertakings fronting on the indicated streets and squares can be identified. Their value varying between £250 and £5000. A detailed directory of the buildings comprising the central commercial area is given in this article as indicators of the evolution of the core commercial area of Potchefstroom in 1880 due to British activity.

## **Inleiding**

Waarom juis 1880? Vergeleke met enige ander periode in die negentiende eeuse geskiedenis van Potchefstroom beskik ons oor ‘n besonder duidelike beeld van die fisiese voorkoms van die dorp in 1880. Dit is te danke aan ‘n

---

<sup>1</sup> Afgetrede professor in geskiedenis, PU vir CHO. Tans navorsingsgenoot, Fokusarea 7.2: Volgehoue Sosiale Ontwikkeling, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom kampus.

rykdom van bronne van allerlei aard.

Eerstens geld die omvattende dokumentasie wat die Britse tussenregering (1877–1881) opgelewer het. Hulle wentel om noukeurige finansiële administrasie rakende die besit van erwe<sup>2</sup>, die belasting daaraan verbonde en invoerbelasting op handelware.<sup>3</sup>

Vervolgens is baie aandag op Potchefstroom gevestig tydens en pas na die Vryheidsoorlog van 1880-1881. Dit het vergestaltung gevind in militêre en burgerlike dagboeke<sup>4</sup>, herinneringe<sup>5</sup>, reisbeskrywings<sup>6</sup> en verslae.<sup>7</sup> 'n Aantal straatkaarte het die uitleg van die dorp<sup>8</sup> en die uitwerking van die oorlog daarop geïllustreer.<sup>9</sup>

Die jaarlikse almanakke van die Potchefstroomse uitgewer Frederich Jeppe verskaf toepaslike inligting van uiteenlopende aard oor die dorp en sy inwoners.<sup>10</sup> Ten slotte is daar foto's<sup>11</sup> van die dorp uit die tyd beskikbaar.

Gesamentlik stel die inligting ons in staat om 'n noukeurige beeld van die dorp in dié tyd te rekonstrueer.

Van staatsweë bied kasregisters<sup>12</sup>, belastingregisters, transportaktes<sup>13</sup> en verbandregisters en eiendomstransaksies<sup>14</sup> 'n volledige beeld van die ligging, besit, waarde en verbeterings van erwe in die middedorp asook op die aard,

---

2 Nasionale Argiewe. Pretoria (NA Pta). RAK (Registrateur van Aktes) 1943. Erfregister. Potchefstroom.

3 NAPta, ZPO (Landdrost Potchefstroom) 305. Erfbelasting 1877-1881; ZPO 63. Verbande.

4 *The diary of GF Austen* (Cum Books. Roodepoort. s.a.); *Diary of events that occurred at the town of Potchefstroom*, (TF Carter, *A Narrative of the Boer War*, (Remington, London, 1883); P Cronjé. "Herinneringen door generaal Piet Cronje." *Die Brandwag*. 4(6); 4(7), Augustus, September 1913.

5 WC Winsloe, *The Siege of Potchefstroom*. (Potchefstroom, 1907); TF Carter, *A narrative of the Boer War*. (CJ Juta & Co. Cape Town, s.a.); JD, Weilbach, en CNJ du Plessis, *Geschiedenis van de emigranten-Boeren en van den Vrijheids-oorlog* (Saul Solomon, Kaapstad, 1882).

6 C du Val, *With a show through Southern Africa*, 2 (Tinsley Brothers, London, 1882).

7 *De Staats Courant gedurende den Vrijheidsoorlog van 1881* (Potchefstroom, 1883); Standard Bank Argief, Johannesburg, Kwartaalikse verslae, (Lêer 442/Potch. Manager Potchefstroom Branch, Maart 1880; HML Rundle, "The Siege of Potchefstroom", Minutes and Proceedings of the Royal Artillery Institution, Vol XI. Woolwich. 1884.

8 JD Weilbach, *Emigranten-Boeren*, p. 148; WJ Badenhorst, Potchefstroom 1838-1938, (Afrikaner Pers Bpk., Johannesburg, 1938), p. 91; Rundle, "Siege...", p. 14; Frederich Jeppe, "Kaart van Potchefstroom 1863", Potchefstroom Museum, Aanwins 09/3274.

9 Palk map, "Plan of Potchefstroom", (Potchefstroom Museum, Aanwins 09/38; "Plan of Potchefstroom", *Natal Mercury*, Durban (Potchefstroom Museum, Lêer 968.2046). Lg. is gebaseer op die van Palk.

10 F Jeppe, *Transvaal book almanac and directory for 1880*, (Potchefstroom, 1879); F Jeppe, *Almanac... for 1881* (Potchefstroom, 1880).

11 Potchefstroom Museum. Fotoversameling; NAPta, Fotoversameling.

12 NAPta. RAK 1943.

13 NAPta. ZPO 59.

14 NAPta. ZPO 57, 61, 101.

grootte en digtheid van die geboue in, wat hierbo beskryf is, as die kern sakebuurt van Potchefstroom. Daaruit blyk dat onder die 297 erfeienaars in Potchefstroom in 1880, 105 nie Afrikaners was nie, verder dat 12 erwe aan kerke of verenigings en 23 aan maatskappye waarvan 'n aantal vennootskappe van Afrikaners en buitelanders was behoort het.

## **Die ontstaan van 'n sakebuurt**

Met die oorspronklike uitleg van die dorp, toe buitelandse handel feitlik nie bestaan het nie, is nie vir 'n aparte sakebuurt voorsiening gemaak nie. Die oorweging daarmee was dat elke inwoner selfvoorsienend moes wees op die ruim erwe van een morg (0.902ha) elk. Ten einde die maksimum benutting van die erf vir gewasse, soos groente, plante en vrugtebome, te verseker is daar in talle gevalle strukture soos buitegeboue, skure en stalle aan die grense van die erf opgerig en die woonhuis teenaan die straatfront van die erf, gewoonlik met 'n voorstoep onder 'n afdak.

Met die snelle vestiging van buitelandse handelslui na die Sandrivier-Konvensie van 1852 het die gebrek aan 'n sakebuurt terdeë geblyk. Die gevolg was dat 'n handelsbuurt organies ontwikkel het. Eers rondom die handelsmiddelpunt van die dorp, die Ou Markplein, heen en, na die verskuiwing daarvan 'n ent in Kerkstraat af in 1855, ook rondom die Nuwe Markplein. Dit het meegebring dat teen 1880 die sake middelpunt van Potchefstroom uit drie dele bestaan het, die klein Ou Markplein, die heelwat groter Nuwe Markplein, insluitende die aangrensende Kerkplein, en die gedeelte van Kerkstraat wat, oor twee straatblokke heen, die twee pleine verbind het (sien kaart).

Uit die staanspoor was daar in die dorp 'n handjiewol slagters en kruideniers wat hul sake in 'n vertrek in hul eie woonhuise bedryf het. Met die uitbreiding van handel in die vyftigerjare is straatfasades in volwaardige winkels omskep en/of nuwes gebou. Woonvertreke is agter die winkelgedeelte ingerig, steeds onder dieselfde dak.<sup>15</sup> Teen die einde van die vyftigerjare het die nuut ontwikkelde sakebuurt steeds oorwegend hierdie voorkoms vertoon. Die aanvraag vir sakepersele in dié omgewing het egter so vinnig toegeneem dat teen die sewentigerjare die klein getal erwe wat rondom die pleine en aan weerskante van Kerkstraat geleë was vinnig onderverdeel is, die hoekerwe soms tot ses keer. Nuwe geboue daar opgerig sou voortaan al meer die opset

---

<sup>15</sup> Staats Courant, 18 Februarie 1859, "Advertensie van E Moberg".

van sakeondernemings vertoon. Oorblywende woonhuise in die omgewing het voortaan ook as loslieshuise diensgedoen of het kamers vir sake doeleinde verhuur.


Teen 1880 is die waarde van die geboue in die sakebuurt geskat op tussen £250 en £5000.<sup>16</sup> Die waardevolste persele was die klein aantal vol-erwe, soos die waarop die winkels van Reid aan weerskante van Kerkstraat op beide die suidelike hoeke van Potgieterstraat gestaan het (erfnrs. 110 en 124), Forssman se winkel op die noordwestelike hoek van Kerk- en Lombardstraat (erf 112) en Scorgie se winkel op die noordoostelike hoek van Kerk- en Retiefstraat teenoor die Ou Markplein (erf 103).

Die 67 afsonderlike geboue wat in die kern sakebuurt in die tyd geïdentifiseer kan word gee daaraan 'n hoër digtheid as enige ander dorp in Transvaal, insluitende Pretoria. Nogtans het geboue daar nie skouer-aan-skouer gestaan soos vandag die geval is nie. Gedeeltes van die straatfront van al die betrokke erwe was onbebou. Boomrykheid was 'n verdere kenmerk van alle dele van die dorp.

### Die kern sakebuurt in 1880

Vir die doel van hierdie artikel word met die kern sakebuurt die volgende drie elemente bedoel: Die Ou Markplein, omsom deur die strate Maurylaan, Retiefstraat en Kerkstraat. Die tweede element is Kerkstraat vanaf die Ou Markplein, suidwaarts oor Retief-, Lombard- en Potgieterstraat heen tot by die derde element, die Nuwe Mark- en Kerkplein, ingesluit deur Potgieter-, Gouws-, Wolmarans- en Greylingstraat.

Persele in hierdie sakebuurt het ten tye van die aanvang van die Eerste Vryheidsoorlog aan die einde van 1880 soos volg daar uitgesien:



16 Standard Bank, Band INSP 1/1/141, lêer 442/Potch, Quarterly Report, 5/2/79.

Reid & Co, voorheen Reid & Pavey, se winkel, wat in 1861 gebou is, was op die noordoostelike hoek van Kerk- en Potgietierstraat (erf 124) met sy ingang in Kerkstraat en was die waardevolste eiendom op die dorp (foto 1). Die woonhuis waarin hy en sy vrou, Lilian, gewoon het, was op dieselfde erf, maar het op Potgietierstraat gefront. Die gedeelte van die erf oos van die Reidwoonhuis in Potgietierstraat was teen die tyd in vyf verdeel. Naasaan die Reid-huis was die kantore van prokureur J van Eck en daarnaas sy woonhuis. Van daar na die hoek met Gouwsstraat, op erf 145, het 'n aantal woonhuise gestaan. Twee van hulle het aan ds. Dirk van der Hoff en sy vrou, Jacoba, behoort. In een van die huise het hulle seun, Pieter, 'n skrynwerker van beroep, gewoon. Nog een het behoort aan Mev. J Grimbeek, weduwee van een van die Grimbeeks, aan wie die plaas Elandsheuvel net buite Potchefstroom behoort het. Die vyfde huis, wat AF Schubart se eiendom was, was 'n losieshuis waarin twee winkelkerke, H Coleman en C Hooyer, tuis was.



**Foto 1:** Reid & Co. se winkel op die suidoostelike hoek van Kerk- en Potgietierstraat aan die oorkant, links op die foto was die Kaapsche Handelsbank gevestig. Die telegraafpaal dui op die telegraaf wat pas in die Landdroeskantoor geïnstalleer was.

Op die noordwestelike hoek van Gouws- en Potgietierstraat, teenoor die Markplein, was die geboue van Mev. S van der Hoff, skynbaar Pieter se vrou, JF Ferreira en die horlosiemaker, JA Grimm. Sommige van hierdie strukture het aan die Gouwsstraat kant van die oorspronklike erf gestaan. Teen die einde van die eeu sou al hierdie erwe aan die Van der Hoff-familie behoort.

Teenoor die Markplein in Gouwsstraat, tussen Potgieter- en Wolmaransstraat, was die oorspronklike vier erwe (erwe 160-163) reeds in sewe persele verdeel. Die een naaste aan Potgieterstraat het aan ds. Temple, die Anglikaanse sendeling, behoort. R Read jr., 'n sodawatervervaardiger, het sy besigheid in die omgewing bedryf en so ook een van die Van der Hoff dogters wat 'n kleremaakster was. Die hoekerf het met die verruiming van Potgieterstraat in die sewentigerjare van die twintigste eeu verdwyn. AM Goetz, die landdros van die tyd, het die volgende erf besit (foto 2). Later het die erf deur die huwelik van een van sy dogters met prokureur Fleischack in lg. se besit oorgegaan. Die huis, in die Karoo-styl gebou, was een van die dorp se spoghuse. Dit is vandag die Goetz-Fleischack Huismuseum. Die erf suid van die Goetz-huis was onverdeeld en het aan HP Kleuver behoort en twee klerke van die Kaapsche Handelsbank, AR Gooch en C Read, het daar geloseer. Op die volgende erf was die woning van RR Hollins van die firma Hollins & Holder. Langsaan was die erf van J Ludorf, 'n afgetrede predikant en voorheen redakteur van The Transvaal Advocate, wat in die laat-sestigerjare daar gedruk was. Die gebou het ook op 'n keer as skool gedien. 'n Gedeelte van die daaropvolgende perseel het aan William Stamp, een van die dorp se meulenaars, behoort. Op sy gedeelte was nog geen verbeterings nie. Die gedeelte van die erf, op die hoek van Gouws- en Wolmaransstraat, het aan WA Smith, een van die dorp se winkeliers behoort. Sy groot en aantreklike huis het 'n onderdakstoep aan beide die straatfronte gehad. Op die suidoostelike hoek van Gouws- en Wolmaransstraat sou pas na 1880, vir die Duitse prokureur Fleischack, een van die mooiste woonhuise in Potchefstroom gebou word (foto 3 en 5).



**Foto 2:** Die gerestoureerde woning van landdros Goetz in Gouwsstraat



**Foto 3:** Die foto is geneem vanaf die suidoostelike hoek van die Nuwe Markplein. Links is 'n gedeelte van WA Smith se spogwoning op die hoek van Gouws- en Wolmaransstraat. Die dubbelverdieping huis regs is die van Fleischack.

Op die suidoostelike hoek van Gouws- en Wolmaransstraat (erf 219), teenoor die Markplein was daar 'n huis in dieselfde styl as die van die Goetz-huis gebou en langsaan dit het die Criterion Hotel gepryk (foto 4). Lg. was, naas die Royal op die hoek van Lombard- en Kerkstraat, die grootste hotel in Potchefstroom. Dit het behoort aan CM Douthwait. Een van die inwoners, was Godfried Watermeyer, op 'n stadium sekretaris van die Board of Executors en die skoonseun van ds. Van der Hoff. Op die ander deel van die erf in Gouwsstraat, verste van die Markplein, was die Berlynse Sendingkerk, pastorie en skooltjie vir swart kinders (foto 5). Die kerk en skool, waarvan beide nog staan, het op Du Plooystraat gefront en die pastorie op Gouwsstraat. Wes van die Criterion Hotel was drie klein geboutjies op erf 123 wat aan Siddle en Glen Scorgie behoort het en waar een van hul winkels was. Een van die persele is gebruik as die spreekkamers van dr. Rutherford en die ander was die winkel en woning van die grofsmid, MW Egan. Langs hulle was die winkeltjie van Erasmus & Green (foto 5). Langsaan dit weer was die Hope of Potchefstroom Vrymesselaarslosie en daarnaas 'n huis, moontlik die een wat reeds in die middel-vyftigerjare aan Pavey behoort het. Agter die huis was die woning van die bekende natuurkundige, Thomas Ayres. Daar het hy in 1872 'n bierbrouery bedryf wat op 'n stadium afgebrand het en herbou is.



**Foto 4:** Op die voorgrond is die Nuwe Markplein. Die gebou met die twee gewels is die Criterion Hotel. Die gebou met die rietdak kan die spreekkamers van dr. Rutherford wees of die winkel van Scorgie & Green.



**Foto 5:** Die Berlynse Sending Kerk wat op Du Plooystraat front. Die man staan in Gouwsstraat.

Op die hoekerf aan Kerkstraat (erf 122) was vyf persele. Op die hoek self was sedert 1854 die winkels van Evans & Churchill en van Siddle & Scorgie. Op dieselfde erf, maar aan die Kerkstraatkant, was daar nog twee winkels, die van J Hill en Charles House, en 'n perseel wat die besit was van MC Berning. Verder suid in Kerkstraat (erf 121) was JL du Preez se smidswinkel. Teen die einde van die eeu sou hierdie erf aan die Deense meulenaar, Iver Hjul, behoort.

Oorkant Kerkstraat, in Wolmaransstraat teenoor die Kerkplein in die gebou waar die besigheid van die Italianer, Vergottini, vroeër was, was nou die



dubbelverdieping winkel en woning van Charles Rocher en die kantoor van die algemene agent, NS Malherbe, wat teen die einde van die eeu voorsitter van die Tweede Volksraad sou wees. Langsaan, aan die weste kant, was 'n woonhuis. Wes van hierdie kompleks was 'n klein deel-erf met 'n woning van DG van Reenen daarop en langs hom die woning en dubbelverdieping gebou van Jan Schikkerling wie se winkel vroeër by die Ou Markplein gestaan het. Sy winkel was op die grondvloer terwyl die bokamers, wat uit 'n voorstoep gelei het, as slaapkamers en kantore verhuur is (foto 6). In van die kamers was die fotografie-ateljee van B Mahler en die kantoor van George Austen, wat 'n algemene agentskap bedryf het en later die outeur sou wees van die bekende dagboek wat hy tydens die Eerste Vryheidsoorlog geskryf het. Van die ander bewoners was J Visser, 'n messelaar, J Morris, 'n kleremaker en GCG van Dam die assistent-bode van die hof wat ook 'n tabakkerwer was. In die negentiger jare was hy die polisie kommandant van Johannesburg. Volgende was 'n woning en kantoor wat deur die landdrosklerk, R Impey, betrek was. In die gebou op die hoekerf, wat aan die weduwee Read behoort het en waar haar man vroeër sy winkel gehad het, is ook kamers verhuur, o.a aan PF Rowling, 'n winkelklerk, en die weduwee Muller.

Die dwars geboutjie op die suidwestelike hoek van Greyling en Wolmaransstraat, vandag nog identifiseerbaar, (erf 69, foto 6) was toe geruime tyd reeds daar en het 'n winkeltjie van een of ander aard gehuisves.



**Foto 6:** Die foto is vanaf Kerkstraat suidwaarts geneem. Dit vertoon die Hervormde Kerk (nog sonder toring) en met grasdak. Die dubbelverdieping gebou op die agtergrond in Wolmaransstraat is Schikkerling se winkel en kamers. Die gebou regs daarvan is die van Impey en daarnaas die van mev. Read. Die volgende wit gebou se skuins ligging op die suidwestelike hoek van Greyling- en Wolmaransstraat, is vandag nog herkenbaar.

‘n Deel van die eerste erf aan die westelike kant van Kerkplein, in Greylingstraat (erf 70), waar die hoofposkantoor tans is, het aan die genootskap J Williams en AW Adams behoort. Op die hoek self was die pas geopende Algemene Boeren Winkel, een van die weiniges in Potchefstroom wat nie ‘n Engelse naam gehad het nie (foto 7). In een van die voorkamers van die gebou is die Transvaalse vlag, die Vierkleur, in 1856 deur MJ van der Hoff en AF Schubart ontwerp<sup>17</sup> wat op die ouderdom van die gebou dui. Die erf was op ‘n vroeër stadium in besit van die Vrymesselaarslose, Hope of Potchefstroom en het eers in 1949 die besit van die staat geword.<sup>18</sup> Die winkel is in 1964 afgebreek om plek te maak vir die huidige poskantoor. Die erf langsaan (erf 71) wat, soos die hoekerf, een van die 13 erwe in Potchefstroom was wat aan CJ Uys, neef van die Voortrekkerleier Pieter Lafras Uys, behoort het, is uit sy boedel deur WD Pretorius aangekoop en was later die eiendom van oud-president MW Pretorius. Dit is deur hom onderverdeel en ‘n gedeelte aan die Skotse spekulant, A McCorkendale, verkoop. Uit sy bankrotboedel is die deel deur die staat gekoop. Op die deel van die erf wat nog aan Pretorius behoort het, het hy in of voor 1857, toe hy staatspresident geword het, ‘n woning opgerig. Daar het sy dogter, Chrissie<sup>19</sup>, wat in Skotland haar opvoeding afgerond het, naam gemaak as gasvrou vir haar wewenaar vader se baie en belangrike gaste.

Ook Pretorius het sy huis aan die staat laat toekom in ruil vir ‘n uitgestrekte stuk grond noord van Wasgoedspruit waar hy sy woning, Oakdene, wat vandag nog daar staan, in 1864 gebou het. Die staat het die ou Pretoriuswoning op Kerkplein in ‘n T-vormige gebou omskep. Na die gebou is alom verwys as die landdroskantoor, maar ook die poskantoor, polisiestasie en die hofsaal was na die verbouing daarin gehuisves (foto 7). In die gebou was ook die woonkwartiere van E Moquette, die bode van die hof, en waarskynlik ook die van die posmeester, EH de Waal, hoewel lg. ook in die aangrensende gebou kon gewoon het. Die hofsaal het ook op hierdie stadium gedien as vergaderplek van die Potchefstroomse munisipale raad.

---

17 AN Pelzer, “Opinie oor die noodsaaklikheid vir die behoud en bewaring al dan nie van die pastorie van die Hervormde Kerk”, Ferdinand Postma Biblioteek, Potchefstroom, sj.

18 NAPta, RAK 1943, Erfregister.

19 Christiana en Chrissiesmeer is na Chrissie Pretorius vernoem.



**Foto 7: Die gebou links is die Algemene Boeren Winkel. Die een regs daarvan is die Landdroeskantoor. In die geboutjie verder regs in skaduwee gehul was Buskes se kantoor en Butner se kroeg.**

Die erf noord van die landdroeskantoor (erf 72), wat oorspronklik aan die Voortrekkerleier, AH Potgieter, behoort het en uit sy boedel in 1854 deur FG Wolmarans gekoop is, is ook onderverdeel. Teen 1879 was 'n gedeelte daarvan die eiendom van JA Butner wat vir baie jare daar 'n kantien bedryf het. 'n Ander deel van die erf was die besit van CJ Muller. In sy gebou was die kantore en woning van advokaat GH Buskes en die kantoor van die assistentlanddros, A Taunay (foto 7). Aan die landdroeskantoor kant van die gebou was daar stalle, bes moontlik vir die perde wat deur die polisie en die bode van die hof gebruik is. Die volgende erf (73) op die hoek van Potgieterstraat was, in die tyd, die eiendom van die Hervormde Kerk. Daar was die pastorie van ds. Dirk van der Hoff, wat op Potgieterstraat gefront het, en die staatskool waar ook die woning van die onderwyser, B Louis, gestaan het (foto 8). Om die hoek in Potgieterstraat was nog 'n winkel van Rocher en die meisieskool wat deur ds. Jooste van die NG Kerk bedryf is.



**Foto 8:** Die staatskool in Greylingstraat op 'n perseel wat vroeër aan ds. van der Hoff behoort het.

Aan die oorkant van die pastorie, op erf 74 in Potgieterstraat, waar in die sestigerjare die wamakerswinkel van CL Neethling was, was die ander winkel van Siddle & Scorgie en die kantoor van die landmeter JP Loxton. Hierdie erf het teen die middel van die twintigste eeu aan die P.U. vir C.H.O. behoort en die Departement Musiek gehuisves. Verder oos in Potgieterstraat af, tussen Greylingstraat en die huidige Autolaan, wat destyds slegs 'n onbenoemde steeg was, was 'n dig bewoonde gebied. Langs 'n onbesette huis was die woning van Fred Jeppe, die uitgewer en kartograaf. Langs hom weer was die wonings van FJF Muller, die verwer WO Weyse of Wiese, die klein winkeltjie van AH Borchers en die groter een van HB Williamson & Co. Ook in die omgewing was kamers te huur. Langs Williamson se winkel, op die hoek van die latere Autolaan, was 'n metaalbedryf van een of ander aard, moontlik die wamakerswinkel van CL Neethling. Meeste van die winkels in Potgieterstraat, tussen Greyling- en Kerkstraat, sou teen die einde van die eeu deur Indiër sakemanne beset wees.

Op die hoek van die erf op die noordwestelike hoek van Potgieter- en Kerkstraat (erf 110), waar die eerste Nasionale Bank vandag is en teenoor die winkel van FW Reid, wat met die aanvang van hierdie afdeling beskryf is, was die Kaapsche Handelsbank (foto 1). Daarbenewens was daar op dieselfde erf die kamers van die poskontraakteur JJ Grimm, die notaris Jefferson en die slaghuis van JP Pretorius.

Hiermee is volsirkel om die twee pleine heen gemaak. Vanaf die pleine in Kerkstraat noordwaarts aan die weste kant van die straat in die rigting van die Ou Markplein was die erf langsaan die waarin die Bank was (erf 90) ook die eiendom van Reid & Co. 'n Woonhuis wat aan hom behoort het was daarop. Ook daarop, waar die poskantoor vroeër was, was die banketbakkerie van JA Grimm & McIntyre, maar dit is nie duidelik of daar ook ander strukture in die tyd daarop was nie. Die volgende erf (91) het aan Forssman behoort en 'n gebou met drie winkels op gehad. Die middelste een was 'n tabakwinkel. Een van die ander was betrek deur H Ducummun, 'n horlosiemaker en juwelier, en die ander een deur H Bos, 'n regsagent. Agter die winkels was 'n huis wat bewoon is deur BH Palmer, Forssman se hoofklerk en skoonseun.

Die volgende erf (92) het in 1856 aan een van die Grimbeeks, Erzard Johan Daniël, behoort wat dit van die staat vir 10 sjielings gekoop het.<sup>20</sup> Teen die laat sewentigerjare het dit aan die prokureur Munnich behoort. Aan die begin van die negentigerjare is 'n gedeelte van die erf deur die Board of Executors namens die Pretoriase Anglikaanse Diocesian College bestuur. Naasaan die Board se eie kantoor was die Golden Light Vrymesselaarslosie gehuisves. 'n Ander perseel van die erf het in dieselfde tyd aan die bekende finansier, Sammie Marks, behoort. Op erf 93 het daar aan die einde van die tagtigerjare drie wonings gestaan. Die apteek van Dyer, die sg. Medical Hall, was waarskynlik daar.

Op die hoekerf met Lombardstraat (erf 111), was daar teen 1881 reeds vyf onderverdelings. Op vier van die persele was daar winkels, die van RL Daly, JW Lake & Co., Edwards & Co. en Webster & Co. Verder was daar die kantoor van die algemene agente EJ en WA Smith. By van hierdie firmas is gedeeltes van geboue gehuur deur E Hutteson, 'n skrynwerker, J Booth, namens die Kaapsche Handelsbank, en die enigste Indiër in die sakesentrum in die tyd, Abdol, 'n haarkapper. Ook op die erf was die woning van Daly. Dit moes dus heel druk op die erf gegaan het. Al gaande het die Daly-gesin die erf in sy geheel uitgekoop.

Oorkant Lombardstraat was die indrukwekkende gebouekompleks van die Sweedse entrepreneur A Forssman (erf 112). Dit was die tweede waardevolste sakekompleks in Potchefstroom. Op die erf was sy winkel, pakkamers en woonhuis (foto 9). Dit was ook die toneel van die eerste landboutoonstelling

---

<sup>20</sup> JH Breytenbach, Suid-Afrikaanse Argiefjaarboek, "Notule van die Volksraad, 1854-1858", Transvaal 3, (red.) (Parow, 1951, Bylae 13, 1955), pp. 302, 304.


in Transvaal. As in aanmerking geneem word dat die erf, soos die twee van Reid aan die Mark- en Kerkplein, nog nie onderverdeel was nie en dus 'n volle morg groot was, verbaas dit nie dat dit 'n groot skou kon huisves nie. Tydens die landboukou van 1867 het TE Depradines 'n tydelike hotel, skynbaar in die nog onbesette woonhuis van die Forssmans en paslik die Agricultural Hotel genoem, geopen en daarna vir nog 'n tydjie bedryf.<sup>21</sup> Die res van die erf is in beslag geneem deur 'n welversorgde tuin wat die trots van Potchefstroom was. Na die dood van Forssman in 1897 is die erf aangekoop deur die Board of Executors. Die volgende erf (96) was ook in die besit van Forssman. Daarop het hy 'n gebou, die Commercial Exchange met 'n 14m front, opgerig wat uit twee koppelkantore bestaan het. Een was gebruik deur die Board of Executors en die ander was die eerste kantoor van die Standard Bank (foto 10). Met die aanvang van die Eerste Vryheidsoorlog was slegs een van die twee kantore beset deur advokaat F Zeiler. Die feit dat die ander kantoor leeg was het daarvan die aangewese hoofkwartier vir generaal Cronjé tydens die beleg van die Britse garnisoen in die fort gemaak. Die gebou is later deur FS Perold en John Garlick, 'n handelaar, gekoop en 'n spogwinkel daar opgerig.



**Foto 9:      Uit 'n latere tyd geneem vertoon die foto die winkel van Forssman op die noordwestelike hoek van Lombard- en Kerkstraat.**

---

21 NAPta. UR, 13/8/68, art. 27; 31/10/68, art. 3; JH Breytenbach, red. *Suid-Afrikaanse Argiefjaarboek*, "Notule van die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1851-1854, Transvaal 2", Bylaag 39, 1852, p. 361.



**Foto 10:** Die Commercial Exchange Gebou langs aan die woning van Forssman in Kerkstraat. In die linkerkantse gedeelte was die kantoor van Zeiler, maar die regterkantse gedeelte van die gebou, waar die Standard Bank eers gevestig was, was teen 1880 onbeset en is tydens die Vryheidsoorlog deur generaal Cronjé as hoofkwartier gebruik.

Erf 97 het aan John Evans, die eerste Engelstalige lid van die Volksraad, behoort. Erf 98 het aan die Van der Hoff-gesin behoort en die volgende een aan mev. Roselt, weduwee van landmeter J Roselt. Op die Van der Hoff-erf was daar 'n winkel wat deur MJ van der Hoff bestuur is. Op die Roselt-erf was daar waarskynlik 'n woning, maar ook die algemene agentskap van Lennox was daar gevestig. Op die erf op die hoek van Retief- en Kerkstraat teenoor die Ou Markplein, waar die Pick and Pay-sentrum tans is (erf 113), was daar die winkels van JH Morris, die pas voltooide een van J Baillie en die een van WR Jeffrey. Moontlik was daar ook 'n kantien van J Hamilton, wat ook 'n meule naby Noordbrug besit het. Ook Wilson Daly was een van die bewoners van die erf. Die ander fotograaf van die dorp, J Salmon, wat ook tekenlesse aangebied het, het sy ateljee in die omgewing gehad.

Op die Ou Markplein het op hierdie stadium die eerste Gereformeerde Kerk gestaan (foto 11). Die eerste erf suidwes van die plein in wat tans Maurystraat is, het sedert die dae toe die mark nog daar was, aan RL Daly behoort, maar 'n deel daarvan was nou in die besit van HS Lombard, 'n voormalige landdros wat uit die sakelewe getree was en wie se beroep as "gentleman" in Jeppe se 1880-almanak aangegee is. Op Daly se deel was moontlik nog een van sy winkels. Die volgende erf, die een wat vroeër aan die gevierde kunstenaar

en slagter C Landsberg behoort het en waarop die Uitvoerende Raad vroeër sy sittings geneem het, was in vier verdeel. Een gedeelte het aan J Hartley behoort en een aan die Skotse handelaarsfirma T Scorgie & Son, wat op erf 103 langsaan 'n winkel gehad het. Al die ander erwe het na die verskuiwing van die mark klein sakeondernemings soos die karweibedryf van JM Edwards en J Rijnhardt, W Hicks se bakkerij, H Smith se skrynwerkerswinkel en J Donald en T Taylor se timmerman- en kabinetmakerszaak gehuisves. Op die noordelike hoek van die plein, waar Maury- vandag by Kerkstraat aansluit het T Scorgie sy woning in 1869 opgerig.



**Foto 11: Die eerste Gereformeerde Kerk op die Ou Markplein.**

Dit wat die winkels aan die weste sy van Kerkstraat tussen die Ou en die Nuwe Markpleine betref. As Kerkstraat aan sy oostekant terug gevolg word na die Nuwe Markplein was die erfbesetting soos volg.

Teenoor die Ou Markplein was daar twee erwe wat aan die Goetz-familie behoort het. Naasaan suid was die dorps huis van EA Bierman, 'n boer en sy twee seuns wat transportgery het. Ook op die erf was die huis van JH Morris wie se winkel aan die ander kant van die straat en 'n kort entjie verder suid was. Hier was ook die woning en moontlik ook die spreekkamers van dokter R Read. Later sou hierdie erwe in die besit kom van gesiene families soos die Butners, die Grimbeeks en die Van der Hoffes. Op die tweede erf van die hoek af (134) was die pastorie van ds. Maury, die Gereformeerde predikant. Ook op die erf woonagtig, moontlik as loseerders, was mev. Phillipson en DJ Forbes,



‘n onderwyser. Die hoekerf (136) was een van vele wat die eiendom was van die broers Thomas en Glen Scorgie. Op die erf was die hooftak van Scorgie & Co. geleë (foto 12).<sup>22</sup> wat, saam met die van Reid & Co. en Forssman, die derde groot sakeonderneming in Potchefstroom was. Die bestuurder was skynbaar mnr. Theo Hinds, want hy en sy seun, wat ‘n klerk in die winkel was, was op die erf woonagtig.



**Foto 12: Scorgie se hoof-winkel op die noordwestelike hoek van Kerk- en Retiefstraat.**

Die erwe naby en op die suidelike hoek van Retiefstraat (erf 135) het behoort aan RL Daly, MJ van der Hoff en FE Depradines, die voormalige hotelhouer. Daarop was skynbaar drie geboue. A Boland, wat ‘n winkel en kroeg bedryf het, het daar gewoon, asook JF du Saar (of du Saer), ‘n winkelier, en ‘n familielid van hom, JJ du Saar, wat ook daar sy klein boekbindery gehad het. In die tyd was op die hoekerf ook ‘n Metodiste kapelletjie en skool vir swart lidmate ingerig.<sup>23</sup> Die geboutjie was in ‘n verwaarloosde toestand.

Die volgende erf (134) het ook aan Van der Hoff behoort en, geoordeel aan die eiendomsbelasting wat daarvoor gehef is, moes daar ook ‘n sakeonderneming op gewees het. Op die een daarna (erf 133) was ‘n winkel van Goetz. Erf 132 het aan Clarke behoort en daarop was die winkel van Clarke & Co. en moontlik ook die pastorie van ds. Thomas Cresswell van die Wesleyaanse gemeente.

<sup>22</sup> JH Breytenbach, red. *Suid-Afrikaanse Argiefjaarboek, Notule van die Volksraad. 1864-1866, Transvaal 5.* VRN, 31/10/64, artt. 168-169.

<sup>23</sup> "O.E.S. and Basuto Mission. Quarterly Paper" (Bloemfontein, Januarie 1864), p. 11.

Langs Clarke se winkel, waar die Landbank tans is (erf 132), was die Wesleyaanse Kerk. A-tipies was die kerkie 'n ent van die straatfront teruggeplaas en die erf omhein. Dit was een van die eerste geboue in Potchefstroom met 'n plankvloer. Aan die anderkant van die kerk was 'n klein leë winkelgeboutjie en 'n onbeboude erf (131). 'n Perseel nader aan die hoek en teenoor die Forssman winkel en woonhuis, was vroeër die winkel van Herschfield & Davis, maar teen die einde van 1880 was die firma gesekwestreer en ook dié winkel leeg. Daar naby was die winkeltjie van die skoemaker C. Maasdorp, 'n perseel van J Doyle en 'n kantien van W Jeffrey. Op die hoek self (erf 130) was die drukkerij van JP Borrius waaromheen die besetting van Potchefstroom deur die Boere in 1880 gewentel het. Net om die hoek was die kroeg van M Santana, waarskynlik 'n Portugees.

Op die hoek suid van Lombardstraat (erf 129) was die Royal Hotel. In hierdie tyd was die hotel 'n enkelverdieping rietdakgebou met die voordeur aan die Kerkstraatkant (foto 13). Dit is in 1859 deur die Fransman A.F.C. Rocher opgerig en later die eiendom van G H Coulson. Teen 1880 het dit aan sy seun, CB Coulson behoort. Met die opening van die hotel het Rocher voornemende kliënte meegedeel dat "Kaapsche en Uitlandsche Wynen, Brandewyn, Genever, Ale en Porter" in voorraad was.<sup>24</sup> Die geriewe van die hotel is teen 1880 as tipies "upcountry" beskryf en nie op dieselfde peil as Britse hotelle nie.<sup>25</sup> Nogtans was dit tot aan die einde van die 19e eeu die beste hotel in Potchefstroom. Agter die hotel was 'n mooi tuin. Die bestuurder in die tyd was JD Young. Die Royal Hotel is vandag die oudste sakeonderneming in Potchefstroom wat deurentyd op dieselfde perseel bedryf is hoewel die hotel self etlike male herbou is. Die hotel se status is bevestig deurdat dit gedien het as die poskoetsstasie vir Potchefstroom. Die stalle vir die koets- en besoekers se perde was aan die oostekant van die Royal in Lombardstraat. Langs die hotel in Kerkstraat was 'n kleiner herberg, die Blue Post, wat deur mev. Dickenson en Pauline Mallo bestuur is. Onder die inwoners van die hotel en herberg was die landdrosklerk, K Dowe, transportryer G Koster, pakhuisman C Davids en die apteker S Dyer, wie se apteek oorkant die straat was. Nog 'n deel van die erf het aan die firma Hollins & Holder behoort en 'n ander deel aan veldkornet Ch. Dargon.

---

<sup>24</sup> *Transvaal* 5, Bylae 124, 1865/66, p. 452.

<sup>25</sup> NAPta. Staatssekretaris, Inkomende stukke, R185/65; Forssman - Staatssekretaris, 11 Februarie 1965.



**Foto 13: Die Royal Hotel op die hoek van Kerk- en Lombardstraat met sy vooraansig in Kerkstraat. Regs van hom is die Blue Post Herberg.**

‘n Gedeelte van die volgende erf (128) en die winkels daarop was die eiendom van Von Ronn & Shabbel en Kie oor wie min bekend is. Op hierdie erf was ook die swart konstabel, Andries, tuis. Skynbaar was die struktuur waarin hy gewoon het bouvallig en het ‘n brandgevaar ingehou vir die ewe bouvallige pastorie van sy buurman, ds. W Richardson op erf 127 (foto 14).<sup>26</sup> Ook op die erf was die Anglikaanse St. Mary’s Kapel (foto 15) wat, na die bou van die nuwe kerkie in 1892, sy dae as ‘n graanpakhuis sou beëindig. Die dig beboude erf (126) aan die anderkant van die Kapel was die eiendom van die weduwee van prokureur Munnich. Aan die voorkant van die erf was ‘n ruim kantoorgebou. Tipies van al die winkels in die omgewing het die kantoor ‘n smal front van 4m gehad en het 9m diep die erf ingestrek. Langs die kantoorryimte was ‘n huis met sitkamer, eetkamer, twee slaapkamers, pakkamer en kombuis. Die vloere van die woonhuis was nog onbedek, maar die kantoorryimte het ‘n byderwetse plankvloer gehad. Agter op die boom- en tuinryke werf was ‘n stal, voerkamers en ander vertrekke wat verhuur is. Onder die huurders was ‘n klerk, WE Cooper, ‘n boer, BH Koster, en Alfred Allen, een van Potchefstroom se begaafde musikante. Sy nabyheid aan die kerk dui moontlik daarop dat hy ook die orrelis van die St Mary’s was. Ook was die kantore van die afslaaersfirma, H Bosch & Kie, in van die kamers. Die kantoor kompleks en woonruimte is in hierdie tyd vir £180 p.j. aan die Standard Bank verhuur, wat in 1878 nie sy huurkontrak vir die Commercial

<sup>26</sup> NAPta. A375; Hoofartikel. *Transvaal Argus*, 27 May 1968.

Exchange hernu het nie. Die woongedeelte daarvan was beset deur die bankbestuurder.



**Foto 14:** Die pastorie van ds. Richardson van die Anglikaanse Kerk



**Foto 15:** Die eerste St Mary's kapel in Kerkstraat

Op die naasliggende erf (126) van mev. Hill was winkels wat verhuur is. Die volgende erf (125) was die eiendom van Hollins & Holder waarop, onder meer woongeriewe vir van hul senior klerke, soos DJ Aspling, was.

Dit bring ons terug by die winkel van Reid & Co, op die hoek van Potgieterstraat.

### **Sakeondernemings elders**

Geensins al die sakeondernemings was in die gebied tussen en rondom die twee markpleine geleë nie. Terwyl aanvanklik geen erwe vir besigheidspersone bestem was nie, geld ook die omgekeerd, dat geen erwe bepaaldelik as woonerwe uitgehou is nie. Gevolglik was kleiner groepe winkels of enkeles en ook werksinkels oor die dorp versprei.

Die meeste van hierdie groep was geleë in Greyling- en Bergstraat (later Van Riebeeckstraat). Op erf 68, net wes van die skuins gebou op die hoek van Greyling- en Wolmaransstraat, was 'n winkel van CM Douthwaite en daar naby, op erf 18 in Bergstraat, die winkel van J Edwards, 'n skrynwerker, bouer, en begrafnisondernemer. Verder suid, in Wolmaransstraat, was die spreekkamers van die homopaat, C Waite. Op erf 24 in Bergstraat, tussen Lombard- en Potgieterstraat, was sedert 1857, die tin- en kopersmid-bedryf van R Harris wat, onder meer, ook stortbaddens vervaardig het, maar in stil tye ook 'n verwer, ruitmaker en muurpapierplakker was. Hy het ook aan reisigers badgeriewe voorsien.<sup>27</sup> Op die suidoostelike hoek van Lombardstraat 'n entjie verder noord was, wat vandag 'n mini-sakebuurt sou heet. Daar was 'n kroeg, sedert 1878 die Good Templars Vrymesselaarslogie, AP Strauss se looiery, die timmermansaak van J Smith en die winkel van AJ Zinn. Op die noordoostelike hoek van Mareestraat was die wielmaker, W Miller en op die hoek van Lombard- en Bergstraat die snyer J Singer gevestig.

Op beide die westelike hoeke van Greyling- en Lombardstraat was daar die kleiner bedrywe van die Potchefstroom Forge van J Inglis, die banketbakkerie van C Sich en nog 'n die snyersbedryf, die van J Morris.

Die suid-dorp, die armbuurt van Potchefstroom, het steeds mank gegaan aan winkelgeriewe. In die suidelike gedeelte van Kerkstraat, tussen Jeugd- en Bothastraat was JC Claase se smidwinkel met JW Lake se algemene winkel langsaan. SGA Nortjé se slaghuys, MC Berning se skrywerkersaak van J Slabbert se looiery was ook in die omgewing in Rivierstraat.

---

<sup>27</sup> Hoofartikel. *Transvaal Argus*, 19 November 1966.

Die vernaamste handelaar in die suid-dorp was die Ier, J Maherry, wat as slagter, herbergier en drank- en algemene handelaar diens gelewer het. Sy kliënte was veral die bewoners van die swart lokasie suid van die straat, wat eers Stampstraat (’n kommentaar op die toestand daarvan) genoem is, maar later na Maherry vernoem sou word. Hoewel hy deur die bestuurder van die Standard Bank as “very industrious and sturdy” beskryf is, is hy meermale deur die landdros en munisipale raad voor stok gekry oor die verkoop van sterk drank aan swartes.

Hierdie beeld verteenwoordig geensins al die sakebelange in die dorp nie. Baie ambagsmanne en winkeliers wat nie hulle eie erwe besit het nie, maar huurders was, se name is bekend maar nie die ligging van hul sakeondernemings nie. Ook kan uit Jeppe se registers van inwoners hul beroepe vasgestel word.

Voor die opkoms van Johannesburg en met die moontlike uitsondering van slegs Pretoria was Potchefstroom die mees vooraanstaande handelsektor in Transvaal teen 1880. Dit word deur die omvang van sy sentrale handelondernemings weerspieël.

Van al die geboue hierbo bespreek bestaan vandag nog slegs die ou Gereformeerde kerkie, die Goets-woning, die Berlynse sendingkerk en die Hervormde kerk op Kerkplein.

### **Samevatting**

’n Sameloop van omstandighede teen 1880, te midde van aktiewe Britse teenwoordigheid, het gelei tot ’n verskeidenheid van bronne van uiteenlopende aard waaruit ’n besonder noukeurige beeld van die snel-ontwikkelende kern sakesentrum van Potchefstroom saamgestel kon word. Dit behels die ligging, aard, eienaarskap en waarde van sakeondernemings in die sentraaldorp, strekkende vanaf die Ou na die Nuwe Markplein in Kerkstraat. Dit bevestig ook die groei en transformasie van die aanvanklike en verspreide sake-ondernemings in enkel vertrekke van wonings tot ’n relatiewe kompakte buurt van sakegeboue wat, as gevolg van veral eksterne faktore soos Britse besetting, beïnvloed is.